education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae in die ANTWOORDEBOEK.
   AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die nommer van die vraag boaan elke antwoord.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae noukeurig deur en begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2 – 3 reëls tussen die onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

PUNTE: 300 **TYD: 180 MINUTE**

AFDELING A – VERPLIGTEND
VRAAG 1: KORTVRAE 50 PUNTE – 25 MINUTE
AFDELING B – BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.
VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 4: EKONOMIESE STREWES 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 5: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIESE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 50 PUNTE – 25 MINUTE
AFDELING C – BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.
VRAAG 7: MAKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 8: MIKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 9: EKONOMIESE STREWES 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 10: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 50 PUNTE – 40 MINUTE

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Suid-Afrika volg tans 'n … wisselkoersstelsel.

A beheerde swewende
B vry swewende
C vaste

1.1.2 Groot openbare korporasies of sakeondernemings in die openbare sektor staan as … bekend.

A parastatale
B korporasies
C staatsondernemings

1.1.3 Die BBP van 'n land is 'n voorbeeld van 'n … ekonomiese aanwyser in vooruitskatting.

A leidende
B sloerende
C saamvallende

1.1.4 As 'n reël, sal 'n firma produksie staak by die punt waar sy …

A GI = GVK (MR = AVC).
B GI = GTK (MR = ATC).
C MK = GI (MC = MR).

1.1.5 Die … poog om aan alle Suid-Afrikaners geleenthede te bied om op gelyke voet aan alle ekonomiese aktiwiteite deel te neem.

A Mededingingskommissie
B Suid-Afrikaanse Reserwebank
C Vervolgingskommissie

1.1.6 Produkdifferensiasie en … speel 'n belangrike rol in nieprys-mededinging.

A prys
B owerheidsbeleid
C advertensies

1.1.7 As 'n firma sy goedere in die buiteland teen 'n laer prys as op die plaaslike mark verkoop, word dit as … beskou.

A invoervervanging
B dumping
C nasionale handel

1.1.8 Die toepassing van 'n handelsbeleid waar die owerheid die invoer van sekere goedere ontmoedig, staan as … bekend.

A beskerming
B wisselkoersbeheer
C uitvoerbevordering

1.1.9 Kontanttoelae-aansporings vir projekte wat nuwe of verbeterde padkonstruksie vereis, vorm deel van die …

A Buitelandse Investeringstoelae.
B Kritieke Infrastruktuurprogram.
C Strategiese Investeringsprojekte.

1.1.10 'n Positiewe gevolg van inflasie is dat dit …

A inflasie vererger.
B krediteure bevoordeel.
C debiteure bevoordeel.

1.1.11 'n Voorbeeld van die negatiewe uitwerking van toerisme is …

A toenemende werkloosheid.
B stygende buitelandse inkome.
C onbeheerde besoedeling.

1.1.12 Plaaslike kapasiteitsontwikkeling onder … mense vorm 'n belangrike deel van omgewingsvolhoubaarheid.

A endogene
B inheemse
C eksogene (12 x 2) (24)

1.2 Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

oligopolie; gereguleerde mark; invoervervanging; monopolie; kweekhuiseffek; geldvloei; ongereguleerde mark; reële vloei; uitvoerbevordering; suurstof

1.2.1 Die beweging van goedere en dienste in die ekonomie

1.2.2 'n Nywerheid wat deur 'n klein aantal groot firmas oorheers word

1.2.3 Aansporings soos subsidies

1.2.4 Motoruitlaatgasse wat tot aardverwarming bydra

1.2.5 'n Mark sonder enige owerheidsinmenging (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	BBI	A	progressiewe persoonlike inkomstebelasting
1.3.2	Laffer-kromme	B	grond gereserveer vir sosiale gebruik
1.3.3	Normale wins	C	totale inkome ontvang deur die permanente inwoners van 'n land
1.3.4	Kartel	D	totale inkome ontvang deur die produksie-faktore vir die produksie van goedere en dienste binne die landsgrense
1.3.5	Regverdige verdeling	E	rentekoersveranderings
1.3.6	Wet op Gelyke Indiensneming	F	toon die verhouding tussen belastingkoerse en belastinginkomste van die owerheid
1.3.7	Groengordel	G	bevorder toerisme
1.3.8	Wêrelderfenis-terrein	H	bemagtiging en transformasie wat wetlik in Suid-Afrika afgedwing word
		I	wanneer gemiddelde inkome gelyk is aan gemiddelde koste
		J	samewerking van oligopolieë

(8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

2.1.1 Iemand wat die voordeel van goedere geniet sonder om daarvoor te betaal, word as 'n (afhanklike/saamryer) beskou.

2.1.2 'n Toename in die vlak van belasting dui op 'n (beperkende/ uitbreidende) fiskale beleid.

2.1.3 (Publieke/Private) goedere word deur nie-mededingendheid in verbruik gekenmerk.

2.1.4 'n Tekort op die BB sal tot (appresiasie/depresiasie) van die waarde van die buitelandse valuta lei. (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE voordele van privatisering. (3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder uit die betalingsbalans (BB) en beantwoord die vrae wat volg.

BETALINGSBALANS
JAARLIKSE SYFERS

R miljoene

	2004	**2005**	**2006**
Lopende rekening			
Goedere-uitvoere, vry aan boord …….	281 827	325 129	399 030
Netto gouduitvoere …….....	28 698	27 023	35 470
Dienste-ontvangste…….	62 197	70 896	81 294
Inkome-ontvangste ……..……..	20 973	29 550	40 234
Min: Goedere-invoere, vry aan boord	311 759	358 519	476 545
Min: Betalings vir dienste ……..……	66 418	77 384	96 985
Min: Inkomebetalings……..…….....	48 823	60 975	75 985
Lopende oordragte (netto ontvangste +)	-11326	-17 899	-18 894
Saldo op lopende rekening ……	**-44 631**	**-62 179**	**-112 346**
Finansiële rekening			
Netto regstreekse beleggings……..	-3 566	36 354	-49 078
Netto portefeuljebeleggings...……..	40 629	29 903	129 192
Ander beleggings……	8 718	9 762	21 928
Saldo op finansiële rekening ……	**45 781**	**76 019**	**102 042**

[Aangepas uit: *Kwartaalblad SARB*, Desember 2007]

2.3.1 Definieer die term *betalingsbalans*. (3)

2.3.2 Noem EEN ander rekening wat deel van die BB vorm. (2)

2.3.3 Watter item vang die effek van 'n buitelander wat op die JSE Sekuriteitebeurs aandele aankoop, vas? (2)

2.3.4 Hoekom word gouduitvoere as 'n aparte item in die BB aangetoon? (3)

2.3.5 Bereken die handelsbalans op die lopende rekening vir 2006. (5)

2.3.6 Watter negatiewe uitwerking sal die huidige neiging van die lopende rekening op die BB hê? (3)

2.3.7 Noem EEN manier waarop die BB-tekort verminder of uitgeskakel kan word. (2)

2.4 Trek die grafiek hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor. Dui die nuwe verbruiksfunksie en die nuwe ewewig na 'n toename van R20 miljoen in investering aan en beskryf die vermenigvuldigereffek van die toename van R20 miljoen in investering op die ekonomie.



(16)
[50]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

3.1.1 'n Meganisme wat kopers en verkopers byeenbring, staan as 'n (tribunaal/mark) bekend.

3.1.2 Handelsname soos Omo en KFC speel 'n belangrike rol in (volmaakte/onvolmaakte) markte.

3.1.3 As alle ander faktore dieselfde bly, kan ons verwag dat 'n monopoliemark hoër pryse en (hoër/laer) uitset as 'n volmaakte mark sal toon.

3.1.4 Die waarde van insette besit deur 'n entrepreneur en aangewend in die produksieproses, staan as (implisiete/eksplisiete) koste bekend. (4 x 2) (8)

3.2 Gee enige DRIE redes vir die ongelyke verspreiding van inkome en welvaart. (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Definieer die term *onvolmaakte mark*. (3)

3.3.2 Dui die bogenoemde grafiek 'n kort- of langtermynewewig aan? (3)

3.3.3 Wat bepaal die optimum produksievlak in 'n monopoliemark? (3)

3.3.4 Dui die winsarea op die grafiek aan, deur van die manier waarop byskrifte in die grafiek aangebring is, gebruik te maak. (3)

3.3.5 Verduidelik hoekom die GI- en MI-kurwes twee verskillende kurwes is. (6)

3.3.6 Wat sal die effek op die pryse van goedere wees, as jy aanneem dat die MK-kurwe die aanbodkurwe van 'n volmaakte mark verteenwoordig? (2)

3.4 Bespreek meriete- en nie-merietegoedere as 'n rede vir markmislukking. (16)
[50]

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

4.1.1 Tariewe bereken as 'n persentasie van die waarde van ingevoerde goedere, word as (direkte/ad valorem-) tariewe beskou.

4.1.2 'n Toename in die lewenstandaard is 'n doelwit van ekonomiese (groei/ontwikkeling).

4.1.3 'n Ruimtelike gebied wat 'n deurgang verskaf en mynbou, vervaardiging en besigheid bevoordeel, staan as 'n (korridor/nywerheidsontwikkelingsone) bekend.

4.1.4 Indiensname word as 'n (ekonomiese/sosiale) aanwyser geklassifiseer. (4 x 2) (8)

4.2 Noem enige DRIE voordele van invoervervanging. (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ESKOM DRING AAN OP 10% SNY VIR HUISE, KANTORE

Nywerhede alleen moenie die las van tekorte dra nie, sê produsent.
Kragprodusent Eskom kan huishoudelike en kommersiële verbruikers dwing om hul elektrisiteitsverbruik te sny as hulle nie vrywilliglik hul verbruik met 10% sny nie, het die Eskom HUB gister gesê.

Groot verbruikers, veral myngroepe, het hul kommer uitgespreek oor die uitwerking van die kragtekorte op hul werksaamhede en gewaarsku dat dit tot posteverminderings kan lei. Eskom het myne tot 90% van hul kragbehoeftes beperk om die nasionale netwerk te stabiliseer, aangesien dit op die rand van 'n ineenstorting gehuiwer het. Om 'n totale kragonderbreking in Januarie vry te spring, het myngroepe werksaamhede vir vyf dae gestaak, wat tot dreigemente van werksverliese gelei het. Goudmyne van 3 kilometer en dieper gebruik 60% van hul elektrisiteit vir ventilasie, afkoeling- en pomp-aktiwiteite, wat slegs 40% vir gebruik in produksie laat. 'n Ernstige bekommernis is die veiligheid van werkers in die myne. Herstrukturering van mynbou-aktiwiteite kan tot 'n vermindering van 7 000 poste lei. Anglo Gold Ashanti, die derde grootste goudprodusent in die wêreld, verwag 'n afname in produksie van 7%. Volgens Anglo Platinum, die grootste platinumprodusent wêreldwyd, is strukturele veranderinge oor 'n tydperk nodig om nuwe toerusting te inkorporeer – die enigste langtermynoplossing.

Dreigemente kom van verskeie nywerheidsgroepe soos BHP Billiton, wat dit oorweeg om produksie te verminder deur 'n gedeelte van sy smeltery in Bayside, Richardsbaai, te sluit – 'n besluit wat honderde permanente en kontrakwerkers werkloos kan laat. Verdere stygings in die koste van elektrisiteit lyk onafwendbaar. Na gesprekke met Eskom het die reguleerder 'n 14,2%-styging in die prys van elektrisiteit aangekondig.

[Aangepas uit: *Business Day*, 14 Maart 2008 en *Sake-Rapport*, 2 Maart 2008]

4.3.1 Watter sosiale aanwyser sal hoofsaaklik deur kragonderbrekings beïnvloed word? Verduidelik. (4)

4.3.2 Watter indeks sal die meeste deur die 14,2%-styging in die prys van elektrisiteit beïnvloed word? (3)

4.3.3 Hoekom ondervind goudmyne 'n groter probleem daarmee om hul elektrisiteitsverbruik met 10% te verminder as steenkoolmyne in Suid-Afrika? (3)

4.3.4 Hoekom het BHP Billiton gedreig om 'n deel van hul aanleg in Richardsbaai te sluit? (3)

4.3.5 Wat is die vernaamste redes vir Eskom se besluit om huishoudings en kantore rakende elektrisiteitsverbruik te teiken? (3)

4.3.6 Watter impak het lasafwerping ('load shedding') op Suid-Afrika se ekonomiese groei en die betalingsbalans? (4)

4.4 Bespreek Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) deur die begrip, sleuteldoelwitte, voorbeelde en armoedeverligting as deel van die owerheid se beleid om ekonomiese aktiwiteite in spesifieke gebiede te stimuleer, te beklemtoon. (16)
[50]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

5.1.1 Die VPI word (maandeliks/kwartaalliks) gepubliseer en lys besonderhede vir 'n jaar.

5.1.2 Die algemeenste rede vir 'n toeristebelasting is om (binnelandse/eksterne) koste te verhaal.

5.1.3 Een van die mees onstabiele prysitems in die inflasie-indeks is (huis-/voedsel-) pryse.

5.1.4 'n Instelling wat streef na ondersteuning en samewerking van alle lande in die bekamping van omgewingsagteruitgang is die (Wêreldhandelsorganisasie/Internasionale Handelskommissie).

(4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE bronne van omgewingsvriendelike energie. (3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

5.3.1 Verduidelik die betekenis van die spotprent. (3)

5.3.2 Identifiseer PERSOON A in die spotprent. (2)

5.3.3 Watter tipe beleid sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank toepas om die bostaande situasie te beredder? (3)

5.3.4 Met verwysing na die spotprent, wat sal die waarskynlikste oorsaak van inflasie wees? (3)

5.3.5 Watter instelling is vir die berekening van inflasiekoerse verantwoordelik? (3)

5.3.6 Verduidelik die positiewe (+) en negatiewe (-) uitwerking van inflasie op belastinginkomste van die owerheid. (6)

5.4 Bespreek enige VIER redes hoekom toerisme vir Suid-Afrika van ekonomiese belang is. (16)
[50]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

6.1.1 Om BBP teen faktorpryse na BBP teen basiese pryse om te skakel, moet belasting op (produkte/produksie) bygevoeg word.

6.1.2 (Verskuilde koste/Eksternaliteite) is koste wat ontstaan uit die produksie van goedere wat nie in pryse weerspieël word nie.

6.1.3 Die (sentrale/provinsiale) owerheid hanteer sake soos gesondheidsdienste.

6.1.4 Vaste koste staan ook as (direkte/indirekte) koste bekend. (4 x 2) (8)

6.2 Noem enige DRIE eienskappe van 'n monopolie. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KOSTE EN VOORDELE IN DIE AANBOD VAN SKOON WATER AAN 'N GEMEENSKAP

ALTERNATIEWE	EKONOMIESE KOSTE	EKONOMIESE VOORDELE
A	1 000 000	500 000
B	1 500 000	2 000 000
C	1 200 000	2 000 000
D	800 000	100 000

6.3.1 Definieer die term *koste-voordeel-analise*. (3)

6.3.2 Gebruik die inligting in die tabel hierbo en trek 'n goed benoemde staafgrafiek, waarop koste en voordele vir elke alternatief aangedui word:

Vertikale as: Koste R (miljoen). Skaal: 1 cm = 200 000
Horisontale as: alternatiewe (8)

6.3.3 Bereken die koste-voordeel-verhouding tussen A en B deur die volgende formule te gebruik:

$$OKV_{A(B)} = {}^{\text{Huidige waarde van ekonomiese voordele}}/_{\text{Huidige waarde van ekonomiese koste}}$$

Watter alternatief behoort deur die gemeenskap aanvaar te word? (5)

6.3.4 Vergelyk 'n koste-voordeel-analise deur die owerheid met een deur die privaatsektor. (4)

6.4 Verduidelik enige VIER aanbodfaktore wat internasionale handel veroorsaak. (16)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

I. Opstelantwoorde moet 'n inleiding, inhoud en slot insluit:

- Vir die inleiding en slot sal 5 punte toegeken word.
- Verder sal 5 punte toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

II. Ander lang antwoorde:

- Vir die aanbieding van feite (kognitiewe konteks) sal 5 punte toegeken word.
- Verder sal 5 punte toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

VRAAG 7

Skryf 'n opstel deur kortliks die samestelling en eienskappe van sakesiklusse te ontleed en verduidelik hoe owerhede sekere beleide gebruik om sakesiklusse te effen. **[50]**

VRAAG 8

Verduidelik met die hulp van grafieke hoe kort- en langtermynewewig realiseer vir die individuele produsent onder toestande van volmaakte mededinging. Maak van die volgende opskrifte in jou verduideliking gebruik: markaanbod en -vraag, normale wins, ekonomiese wins en verlies. **[50]**

VRAAG 9

Vergelyk en evalueer Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide in terme van internasionale standaarde, en beklemtoon die Noord-Suid-verdeling. **[50]**

VRAAG 10

Die omgewing is onder druk omdat die mens se eise op die omgewing groter is as dit wat die natuur op lang termyn op 'n volhoubare basis kan voorsien.

Ontleed die stand van die omgewing en beklemtoon die beleidsmaatreëls wat deur die owerheid gebruik word om volhoubaarheid te verseker. **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou